# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (16/13)

*Justin Chadwick (19 April 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "The fundamental cause of trouble in the world today is that the stupid are cocksure while the intelligent are full of doubt" Bertrand Russell***

## SIZA WERKSWINKELS

Die ontwikkeling van die SIZA platvorm deur Fruit South Africa (waarvan CGA 'n lid is) is een van die stategies belangrikste inisiatiewe vir die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf. Hierdie platvorm voorsien almal in die voorsieningsketting met 'n geleentheid om te verseker dat Suid-Afrika erken word vir ons etiese produksie en verskaffing van vrugte. CGA het hard gewerk sodat die werkswinkels in die sitrus produserende streke gehou kan word om sodoende die kostes vir bywoning vir produsente te verminder. Produsente word aangemoedig om ons te help om julle te help deur hierdie belangrike werkswinkels by te woon.

| **Datum** | **Werkseinkels** | **Plek** | **Tyd** | **Deelnemers (teen 19/4)** |
|---|---|---|---|---|
| Maandag 22 April | Tzaneen | Westphalia Training Centre | 14h30-16h30 | 22 |
| Dinsdag 23 April | Hoedspruit | Swadini Resort | 10h00-12h00 | 3 |
| Donderdag 24 April | Nelspruit | Halls Training Centre | 10h00-12h00 | 18 |
| Vrydag 25 April | Kirkwood | Kirkwood Ondersteuners Klub | 10h00-12h00 | 40 |
| Donderdag 2 Mei | Ceres | Ceres Fruit Growers Lesings Saal | 10h00-12h00 | 22 |
| Woensdag 15 Mei | Kakamas | Lake Grappa | 14h30-16h30 | 23 |

**OM TE REGISTEER OF VIR MEER INLIGTING KONTAK COLLEEN CHENNELLS BY chennell@iafrica.com**

## CBS EN LOGISTIEKE INLIGTINGSESSIE

Ek en Mitchell Brooke gaan na Senwes, Letsitele en Nelspruit die week na volgende week reis en vergaderings hou in Marble Hall om 10:00 op Maandag 29 April (plek sal later aangekondig word), in Letsitele by The Junction om 15:00 op dieselfde dag en in Nelspruit, CRI om 10h00 op Donderdag 30 April. Die doel van die vergaderings is tweeledig:

- Om CGA/DAFF/DTI CBS aktiwiteite tot op datum, die huidige situasie en die situasie vorentoe te bespreek
- Om logistieke reëlings vir 2013 te bespreek en terugvoering vanaf die Cool Logistics Konferensie te verskaf

Alle produsente van die Noorde word aangemoedig om dit by te woon.

## WêRELD SITRUSPRODUKSIE

Gedurende die 1980's is daar gemiddeld 57.8 miljoen ton sitrus elke jaar geproduseer, in 2010/2011 is die wêreld se sitrusproduksie op 115.2 miljoen ton bereken – dubbel dit van die '80's. China het as die grootste produseerder van sitrus na vore gekom (teen 22.9 miljoen ton), gevolg deur Brasilië (22.7 miljoen ton). Die Mediterreense See produseer 22.2 miljoen ton – gelei deur Spanje met 7.5 miljoen ton, Egipte 3.5 miljoen en Turkye en Italië beide op 3.3 miljoen ton. Die VSA produseer 11.7 miljoen ton. Suid-Afrika produseer omtrent 2.2 miljoen ton.

## GEPAK EN VERSKEEP

Sedert die eerste variëteitsfokusgroep vergaderings (waar die skatting bepaal is) het die Suurlemoen en Sagte Sitrus Fokusgroepe vergader – met sagte sitrus se voorspelling wat met 100 000 kartonne verminder is en suurlemoene wat 100 000 verhoog is, wat die totale skatting onveranderd laat.

Tot op datum is 865 358 kartonne van die voorspelde 1 765 947 kartonne van Satsumas gepak.

| Tot Week 16 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 0.6 m | 0.3 m | 0.6 m | 0.1m | 0.1 m | 15 m | 15 m | 13 m |
| Sagte Sitrus | 1.3 m | 1 m | 0.9 m | 0.7 m | 0.4 m | 8.2 m | 8.1 m | 7.6 m |
| Suurlemoene | 1.1 m | 0.7 m | 1 m | 0.5 m | 0.7 m | 11.1 m | 11.2 m | 10.5 m |
| Nawels | 0.1 m | - | - | - | - | 24.9 m | 24.9 m | 24.6 m |
| Valencias | 0.1 m | - | - | - | - | 47.7 m | 47.7 m | 47.2 m |
| | 3.2 m | 2 m | 2.5 m | 1.3 m | 1.2 m | 106.8 m | 106.8 m | 103 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**